

THE PROVINCE OF TRANSVAAL



DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)



Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICE: S.A. 20c Plus 1c G.S.T.

OVERSEAS: 30c

PRYS: S.A. 20c Plus 1c A.V.B.

OORSEE: 30c

VOL. 228

PRETORIA 5 JANUARY
5 JANUARIE 1983

4241

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL (Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in at Room A1023(a), Provincial Building. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance)

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R10,00.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 30c each.

Price per copy (post free) — 20c each.

Obtainable at Room A600. Provincial Building, Pretoria. 0001.

G.S.T. excluded.

Closing Time for Acceptance of Copy

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 12h00 on the Wednesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Double column R2,60 per centimetre or portion thereof. Repeats R2,00.

Single column 90c per centimetre. Repeats 60c.

Subscription fees are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, 0001.

CCJ BADENHORST
Provincial Secretary

Administrator's Notices

Administrator's Notice 1

5 January 1983

BOKSBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

OFFISIELLE KOERANT VANDIE TRANSVAAL (Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Proviniale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria geadresseer word, en indien per hand aangelewer, moet dit by Kamer A1023(a), Provinialegebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels word nie verskaf nie.

Intekengeld (Vooruitbetaalbaar)

Transvaal *Offisiële Koerant* (insluitende alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R10,00.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 30c elk.

Prys per eksemplaar (posvry) — 20c elk.

Verkrybaar by Kamer A600. Provinialegebou, Pretoria. 0001.

A.V.B. uitgesluit.

Sluitingstyd vir Aanname van Kopie

Alle advertensies moet die Beämpte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 12h00 op Woensdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom R2,60 per sentimeter of deel daarvan.
Herhalings R2,00.

Enkelkolom 90c per sentimeter. Herhalings 60c.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Proviniale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

CCJ BADENHORST
Proviniale Sekretaris

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 1

5 Januarie 1983

MUNISIPALITEIT BOKSBURG: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

The Electricity By-laws of the Boksburg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1227, dated 26 July 1972, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Schedule of the following:

**"SCHEDULE
TARIFF OF CHARGES
PART I**

1. Domestic Supply

- (1) This tariff shall apply to electric energy supplied to
- (a) private dwelling-houses;
 - (b) boarding- and lodging-houses with less than 10 rooms;
 - (c) flats or blocks of flats used exclusively for residential purposes;
 - (d) sporting clubs situated on municipal ground;
 - (e) hostels;
 - (f) homes conducted for charitable institutions;
 - (g) schools, whether public or private, including boarding-schools;
 - (h) churches and public halls;
 - (i) motors operating lifts and other electrical apparatus in buildings comprising flats only;
 - (j) dwelling-houses on plots and farms or electrical equipment used on plots or farms, where the supply is used for domestic, producing or agricultural purposes;

(2) Regardless of the meter-reading period, the following charges shall be payable per month:

For all kW.h consumed, per kW.h: 3,98c.

(3) In respect of flats or blocks of flats the supply shall be metered in bulk and the charges in terms of subitem (2) shall be payable.

(4)(a) Where the supply to flats or blocks of flats is metered in bulk, the owner may sub-meter each tenant or sub-consumer separately, by means of approved meters.

(b) Where electricity is sold to individual tenants or sub-consumers, the owner is obliged to sub-meter individual tenants or sub-consumers separately by means of approved meters and the electricity so measured and sold, shall not be sold at a profit.

(c) Where electricity supply to individual tenants or sub-consumers is metered and sold, the following formula shall apply:

Tenant's or sub-consumer's account in Rand =

Tenant's or sub-consumer's

consumption in kW.h	times total monthly	
	account in Rand	

Total consumption in kW.h

2. Non-Domestic Supply

- (1) This tariff shall apply to electric energy supplied to
- (a) To any premises for producing, manufacturing or industrial purposes;
 - (b) restaurants;

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Boksburg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1227 van 26 Julie 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Bylae deur die volgende te vervang:

**"BYLAE
TARIEF VAN GELDE
DEEL I**

1. Huishoudelike Toevoer

- (1) Hierdie tarief is van toepassing op elektriese krag gelewer aan—
- (a) private woonhuise;
 - (b) losies- en huurkamerhuise met minder as 10 kamers;
 - (c) woonstelle of woonstelblokke uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik;
 - (d) sportklubs op munisipale grond geleë;
 - (e) tehuise;
 - (f) tehuise namens liefdadigheidsinrigtings bestuur;
 - (g) skole, hetsy openbaar of privaat, met inbegrip van kosskole;
 - (h) kerke en openbare sale;
 - (i) motore wat hysbakke en ander elektriese toestelle in geboue bestaande slegs uit woonstelle, aandryf;
 - (j) private woonhuise op hoewes en plase of elektriese toerusting gebruik op hoewes en plase, waar krag vir huis-houdelike, produksie- of landboudoeleindes gebruik word.

(2) Ongeag die meterafleestydperk, is die volgende heffings betaalbaar per maand:

Vir alle kW.h verbruik, per kW.h: 3,98c.

(3) Ten opsigte van woonstelle of woonstelblokke word die toevoer by die grootmaat gemeet en die gelde ingevolge subitem (2) is betaalbaar.

(4)(a) Waar levering aan woonstelle of woonstelblokke by die grootmaat gemeet word, kan die eienaar die verbruik van elke huurder of onderverbruiker afsonderlik, deur middel van 'n goedgekeurde meter, meet.

(b) Waar die elektrisiteit aan individuele huurders of onderverbruikers verkoop word, word die eienaar verplig om sulke verbruik deur middel van goedgekeurde meters te meet en mag die elektrisiteit nie teen 'n wins verkoop word nie.

(c) Waar elektrisiteitstoever aan individuele huurders of onderverbruikers gemeet en verkoop word, moet die onderstaande formule toegepas word:

Huurder of onderverbruiker se Rekening in Rand =

Huurder of onderverbruiker se kW.h verbruik

Vermenigvuldig met totale maandelikse rekening in Rand

Totale kW.h verbruik

2. Nie-Huishoudelike Toevoer

(1) Hierdie tarief is van toepassing op elektiese krag gelewer aan—

- (a) Enige perseel vir produksie-, vervaardigings- of nywerheidsdoeleindes;
- (b) restaurante;

- (c) bars;
 - (d) tea-rooms;
 - (e) shops;
 - (f) warehouses;
 - (g) stores;
 - (h) offices;
 - (i) garages and service stations;
 - (j) hotels licensed under the Hotels Act, 1965 (Act 70 of 1965);
 - (k) boarding- and lodging-houses with 10 or more rooms;
 - (l) dry-cleaners;
 - (m) motors operating lifts, elevators or escalators and other electrical apparatus in buildings comprising of any combination of shops, offices and flats, with the exception of flats only;
 - (n) any premises not provided for under the domestic supply tariff;
- (2) The following charges shall be payable, per month:
- (a)(i) For consumers with a maximum demand of up to 100 kV.A: For all kW.h consumed, per kW.h: 6,9c.
 - (ii) For consumers with a maximum demand in excess of 100 kV.A:
 - (aa) Per kV.A of maximum demand: R8,11;
 - (bb) up to and including 100 000 kW.h consumed, per kW.h: 1,78c;
 - (cc) thereafter, per kW.h: 1,58c.

(3) Night Tariff

This tariff shall apply to consumers with a maximum demand in excess of 100 kV.A, being for supply provided during the period of ten hours from 20h00 to 06h00 and the kW.h charges under paragraph (2)(a)(ii)(bb) to (cc) shall be payable per month subject to the following rules:

- (i) Written application shall be submitted by a consumer to the engineer for a night tariff.
 - (ii) A consumer's maximum demand meter shall be disconnected during the period when a supply of electricity is being charged for in accordance with the night tariff.
 - (iii) The consumer shall be obliged to accept such limitations as the Council may deem necessary to impose on the amount of his demand or on the nature of his loading.
 - (iv) The Council reserves the right to alter the period within the period of 20h00 to 06h00, during which the night tariff supply shall be taken, at the discretion of the engineer.
 - (v) The consumer to receive at least twenty-four hours notice in writing of any revised night tariff metering period within the period mentioned above.
 - (vi) The consumer shall be liable for the estimated costs, as determined by the engineer, for any special metering equipment to be installed for metering the night tariff.
- (c) kroëë;
 - (d) teekamers;
 - (e) winkels;
 - (f) pakhuise;
 - (g) voorraadhuise;
 - (h) kantore;
 - (i) motorhawens en diensstasies;
 - (j) hotelle wat kragtens die Wet op Hotelle, 1965 (Wet 70 van 1965), gelisensieer is;
 - (k) losies- en huurkamerhuise met 10 of meer kamers;
 - (l) droogskoonmakers;
 - (m) motore wat hysbakke, hystoestelle of roltrappe en ander elektriese toestelle in geboue bestaande uit enige samestelling van winkels, kantore en woonstelle, met uitsondering van slegs woonstelle, aandryf;
 - (n) enige perseel waarvoor nie onder die huishoudelike toevoertarief voorsiening gemaak is nie.
- (2) Die volgende heffings is betaalbaar, per maand:
- (a) (i) Vir verbruikers met 'n maksimum aanvraag tot 100 kV.A: Vir alle kW.h verbruik, per kW.h: 6,9c.
 - (ii) Vir verbruikers met 'n maksimum aanvraag van meer as 100 kV.A:
 - (aa) Per kV.A van maksimum aanvraag: R8,11;
 - (bb) tot en met 100 000 kW.h verbruik, per kW.h: 1,78c;
 - (cc) Daarna per kW.h: 1,58c.

(3) Nagtarief

Hierdie tarief is van toepassing op verbruikers met 'n maksimum aanvraag hoër as 100 kV.A. vir 'n tydperk van tien ure van 20h00 af tot 06h00 en die kW.h-aanslag onder paragraaf (2)(a)(ii)(bb) tot (cc) is maandeliks betaalbaar onderhewig aan die onderstaande reëls:

- (i) Skriftelike aansoek om 'n nagtarief moet deur die verbruiker aan die ingenieur gerig word.
- (ii) 'n Verbruiker se maksimum-aanvraagmeter word ontkoppel gedurende die tydperk wanneer daar vir kragtoevoer volgens die nagtarief betaal word.
- (iii) Die verbruiker moet genoeë neem met 'n perk wat die Raad nodig mag ag om op die hoeveelheid van die aanvraag of die aard van die lading te stel.
- (iv) Die Raad behou hom die reg voor om die tydperk, binne die tydsbestek van 20h00 tot 06h00, wanneer die toevoer volgens die nagtarief geneem word, volgens die ingenieur se oordeel te wysig.
- (v) Skriftelike kennisgewing van enige wysings, binne die bogenoemde tydsbestek in verband met nagtarief-meettydperk, word minstens vier-en-twintig uur tevore aan die verbruiker verskaf.
- (vi) Die Raad is nie aanspreeklik vir enige gevolge wat 'n verbruiker as gevolg van beperking of inperking wat hy kragtens die magte onder reëls (iii) en (iv) mag toepas, ondervind nie.
- (vii) Die verbruiker is vir die beraamde koste, soos deur die ingenieur bepaal, vir die installering van uitsonderlike metertoerusting vir die meet van die nagtarief, aanspreeklik.

(vii) The Council reserves the right not to approve the application by a consumer for a night tariff if, for any reason, such refusal is deemed to be necessary.

(4)(a) In respect of blocks of buildings having shops, offices or non-domestic consumers, or any combination thereof, the total supply to such shops, offices or non-domestic consumers shall be metered in bulk and the charges shall be as prescribed in subitem (2).

(b) In respect of two or more premises belonging to one owner and situated on one stand or adjacent stands, the supply may be metered in bulk and the applicable charges in terms of subitem (2) shall be payable.

(c) Where the supply to premises prescribed under sub-items (4)(a) and (4)(b), is metered in bulk, the owner may sub-meter each tenant or individual sub-consumer separately by means of approved meters.

(d) Where electricity is sold to individual tenants or sub-consumers, the owner is obliged to sub-meter individual tenants or sub-consumers separately by means of approved meters and the electricity so measured and sold, shall not be sold at a profit.

(e) Where electricity supply to individual tenants or sub-consumers is metered and sold, the following formula shall apply to both subitems (2)(a)(i) and (2)(a)(ii):

Tenant's or sub-consumer's account in Rand =

Tenants or sub-consumer's consumption in kW.h

————— times total monthly account in Rand
Total consumption in kW.h

(f) Where the supply to premises is metered in bulk, as in subitems 4(a) and 4(b), the demand of individual sub-consumers may be permitted to exceed 100 kV.A, as determined by the engineer.

PART II: GENERAL

1. Minimum Charge

The minimum charge for electric energy supplied under any of the tariffs under Part I shall be R5 per month but such minimum charge shall be imposed only when the total of the charges under the various tariffs to one and the same consumer and for each meter is less than R5 in any one month.

2. Reconnection of Supply

(1) The charge for reconnection at change of tenancy, or after temporary vacation of premises, shall be R5.

(2) The charge for delivery of a warning notice, which is issued subject to the discretion of the Town Treasurer, to a consumer for failing to settle his account in good time, is R5.

(3) The charge for reconnection after disconnection in terms of the Council's by-laws and regulations shall be R10.

3. Deposits

(1) Minimum deposit payable in terms of section 6(1)(a): R20.

(2) Where, at his discretion, the Town Treasurer permits a consumer who applies therefore, to provide a guarantee instead of a cash deposit, such consumer's monthly account shall be subject to a charge of 5 %.

(vii) Die Raad behou hom die reg voor om nie 'n verbruiker se aansoek om nagtarief goed te keur nie indien so 'n weiering om enige rede nodig geag word.

(4)(a) Ten opsigte van blokke geboue bestaande uit winkels, kantore of enige nie-huishoudelike verbruikers of enige samestelling daarvan, word die totale levering aan sulke winkels, kantore en nie-huishoudelike verbruikers by die grootmaat gemeet, en die gelde word bereken soos in subitem (2) voorgeskryf.

(b) Waar twee of meer persele op een standplaas of op aangrensende standplassie geleë is en aan dieselfde eienaar behoort, kan die toevoer by grootmaat gemeet word en die toepaslike gelde ingevolge subitem (2) is betaalbaar.

(c) Waar die toevoer aan persele in grootmaat, soos in subitem (4)(a) en (4)(b) bepaal, gemeet word, kan die eienaar die toevoer aan die individuele verbruikers afsonderlik deur middel van goedgekeurde meters meet.

(d) Waar die elektrisiteit aan individuele huurders of onderverbruikers verkoop word, word die eienaar verplig om sulke verbruik deur middel van goedgekeurde meters te meet en mag die elektrisiteit nie teen 'n wins verkoop word nie.

(e) Waar kragtoevoer aan die individuele huurders of onderverbruikers gemeet en verkoop word, moet die onderstaande formule in beide subitems (2)(a)(i) en (2)(a)(ii) toegepas word:

Huurder of onderverbruiker se rekening in Rand =

Huurder of onderverbruiker se kW.h verbruik

————— vermenigvuldig met

totale maandelikse rekening in Rand

(f) Waar die toevoer aan persele, soos in subitems (4)(a) en (4)(b) bepaal, by die grootmaat gemeet word, kan toegelaat word dat die maksimum aanvraag van individuele verbruikers 100 kV.A oorskry, soos deur die ingenieur bepaal.

DEEL II: ALGEMEEN

1. Minimum Heffing

Die minimum aanslag vir elektriese krag onder enige van die tariewe onder Deel I, is R5 per maand, maar so 'n minimum aanslag sal slegs toegepas word wanneer die totale aanslae onder die verskillende tariewe aan een en diezelfde verbruiker en vir elke meter minder as R5 vir enige maand is.

2. Heraansluiting van Toevoer

(1) Die heffing vir heraansluiting met die verandering van 'n bewoner of na tydelike afwesigheid van 'n perseel, is R5.

(2) Die heffing vir die aflewering van 'n waarskuwings-kennisgewing, wat volgens die diskresie van die Stadsstesourier uitgereik word, waar 'n verbruiker in gebreke bly om sy rekening betyds te vereffen, is R5.

(3) Die heffing vir heraansluiting na afsluiting, kragtens die Raad se verordeninge en regulasies, is R10.

3. Deposito's

(1) Minimum deposito betaalbaar ingevolge artikel 6(1)(a): R20.

(2) Waar die Stadsstesourier, op aansoek van 'n verbruiker toelaat, om in plaas van 'n kontantdeposito, 'n waarborg te voorsien, is die maandelikse rekening van so 'n verbruiker aan 'n heffing van 5 % onderhewig.

4. Reading of Meters

(1) Consumer's meters shall be read as nearly as reasonably possible at intervals of one month and the charges laid down in this tariff on a monthly basis shall apply to all meter readings.

(2) If a consumer shall require his meter to be read at any time other than the time appointed by the Council's Department, a charge of R5 shall be paid for such reading.

5. Testing the Accuracy of Meters

The charge for testing a meter at a consumer's request shall be R10.

Testing the accuracy of a meter shall be done in accordance with section 9.

6. New Installations

Charges for the examination, testing and inspection of new installations shall be as follows:

(a) On receipt of a written request to test a new installation the Council shall make one test examination free of charge.

(b) If the work is not ready for testing, or if it fails to pass the test, a fee of R20 shall be paid for each subsequent test or inspection.

(c) In all other cases a fee of R5 shall be paid for every examination, test or inspection of the installation made by the Council, on request.

7. Complaints

For attending to 'no light' or 'no power' complaints at a consumer's premises R10 shall be levied per attendance.

8. Switchgear and Transformers

(1) Consumers mentioned under items 1 and 2 of Part I, who require supply in excess of 100 kV.A, may be required to provide their own switchgear and transformers, as determined by the engineer.

(2) The Council shall not be obliged to provide standby equipment.

9. Service Connections

(1) The charges payable in respect of any connection for the supply of electricity shall amount to the estimated cost as determined by the engineer, plus an amount equal to 10 per cent of the total thereof, and such cost shall be certified by the engineer whose certificate shall be *prima facie* proof of the correctness thereof: Provided that in the case of a high voltage supply no charge shall be made for high voltage switchgear other than provided for in item 3(3) of Part I.

(2) All material used for the purpose of an electric service connection shall remain the property of the Council, and shall be maintained by and at the expense of the Council.

(3) The supply shall as far as possible, be by underground cable and the consumer shall provide a receptacle on his premises to receive the Council's cable, switchgear, cut-outs and meter.

10. Basic Charge on Property not Taking Available Supply

(1) Where any erf, stand, lot or other area with or without improvements can, in the opinion of the Council be connected to any supply main, and this shall be certified by the engineer, and until such erf, stand, lot or other

4. Meteraflesings

(1) Verbruikers se meter word so na as redelik moontlik met tussenpose van een maand gelees en die heffings in die tarief op 'n maandelikse grondslag vasgestel, is op alle meterlesings van toepassing.

(2) Indien 'n verbruiker sy meter op enige ander tydstip as die waarop deur die Raad se Afdeling besluit is wil laat lees, is 'n heffing van R5 vir so 'n aflesing betaalbaar.

5. Toets vir Juistheid van Meter

Die heffing om 'n meter op versoek van 'n verbruiker te toets is R10.

Toets van juistheid van 'n meter moet ooreenkomsdig artikel 9 uitgevoer word.

6. Nuwe Installasies

Gelde vir die ondersoek, toets en inspeksie van nuwe installasies is soos volg:

(a) By ontvangs van 'n geskrewe versoek om 'n nuwe installasie te toets, voer die Raad een toets kosteloos uit.

(b) Indien die werk nie gereed is om getoets te word nie of as dit die toets nie deurstaan nie is 'n heffing van R20 vir elke daaropvolgende toets of inspeksie betaalbaar.

(c) In alle ander gevalle word 'n heffing van R5 vir elke ondersoek, toets of inspeksie wat op versoek deur die Raad op 'n installasie uitgevoer word, gehef.

7. Klagtes

Vir ondersoek na klagtes van 'geen lig' of 'geen krag' op 'n verbruiker se perseel word R10 vir elke ondersoek gehef.

8. Skakeltuig en Transformators

(1) Verbruikers, genoem onder items 1 en 2 van Deel I, wat 'n kragtoevoer van meer as 100 kV.A verlang, kan van vereis word om hulle eie skakeltuig en transformators te voorsien, soos deur die ingenieur bepaal.

(2) Die Raad is nie verplig om noodtoerusting te verskaf nie.

9. Diensaansluitings

(1) Die gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansluiting vir die levering van elektrisiteit bedra die beraamde koste soos deur die ingenieur bepaal, plus 'n bedrag gelykstaande met 10 persent van die totaal daarvan en sodanige koste word deur die ingenieur gesertifiseer en sy sertifikaat is *prima facie* bewys van die korrektheid daarvan: Met dien verstande dat geen heffing vir hoogspanningsskakeltuig, behalwe die waarvoor in item 3(3) van Deel I voorsiening gemaak is gehef word nie.

(2) Alle materiaal wat vir die doel gebruik is om 'n elektriese diensaansluiting te verskaf, bly die eiendom van die Raad en word deur die Raad op eie koste in stand gehou.

(3) Die kragtoevoer geskied sover moontlik deur middel van ondergrondse kabel en die verbruiker moet op sy perseel 'n kissie, waarin die Raad se kabel, skakeltuig, uit-sny-skakelaars en meter geïnstalleer word, verskaf.

10. Basiese Heffing op Eiendom waar Beskikbare Toevoer nie Benut word nie

(1) Waar enige erf, standplaas, perseel of ander terrein hetby met of sonder verbeterings, na die mening van die Raad, en dit moet deur die ingenieur gesertifiseer word, by enige hoogtoevoerleiding aangesluit kan word en tot dat so 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein inder-

area has in fact been so connected, the following charges shall apply and be payable per month:

(a) For an erf, stand, lot or other area where electricity can be supplied for domestic purposes as set out in item 1 of Part I: R12.

(b) For an erf, stand, lot or other area where electricity can be supplied for business purposes as set out in item 2 of Part I: R18.

(c) For an erf, stand, lot or other area where electricity can be supplied for industrial purposes as set out in item 3 of Part I: R24.

(2) Provided that the basic charge shall be payable on all such erven, stands, lots or other areas with effect from the first day of the month following the month in which the engineer has certified that such erf, stand, lot or other area can be connected to any supply main of the Council.

11. Disputes

In the case of any dispute or question between the consumer and the Council, or any of its officers, as to the interpretation of this tariff or as to the item under which any supply of electric energy should be charged or as to any other matter whatsoever arising out of this tariff, such question, or dispute shall be referred to the Management Committee of the Council whose decision thereon shall be binding.

12. Charges Payable in Advance

All charges except those payable monthly, shall be payable in advance.

13. Definitions

For the purpose of this tariff, unless the context otherwise indicates—

'kV.A' of 'maximum demand' means the largest number of kilovolt-amperes of electricity supplied in any period of thirty consecutive minutes;

'100 kV.A' for the purposes of—

(a) item 2(2)(a)(i) of Part I, means that the maximum demand of 100 kV.A is normally not exceeded;

(b) item 2(2)(a)(ii) of Part I, means that, the maximum demand of 100 kV.A is normally exceeded;

and these facts shall be determined by the engineer;

'month' unless qualified by the word 'calender' means the period between the consecutive readings of a consumer's meter by the Council's authorized officers and the word 'monthly' shall have a corresponding meaning;

'kW.h' means a consumption of electrical energy as measured by the Council's kilowatt-hour meters and at the rate of 1 000 watts of electrical energy consumed each hour. All calculations shall be to the nearest kW.h."

The provisions contained in this notice, shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

PB 2-4-2-36-9

Administrator's Notice 2

5 January 1983

BRONKHORSTSspruit MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

daad daarby aangesluit is, is die onderstaande heffings van toepassing en betaalbaar per maand:

(a) Vir 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein waar elektrisiteit vir huishoudelike doeleinades soos uiteengesit in item 1 van Deel I verskaf kan word: R12.

(b) Vir 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein waar elektrisiteit vir besigheidsdoeleinades soos uiteengesit in item 2 van Deel I verskaf kan word: R18.

(c) Vir 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein waar elektrisiteit vir nywerheidsoeleinades soos uiteengesit in item 3 van Deel I verskaf kan word: R24.

(2) Met dien verstande dat die basiese heffing betaalbaar op sulke erwe, standplase, persele of ander terreine, van toepassing sal wees van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die ingenieur gesertifiseer het dat so 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein by enige van die Raad se hoogtoevoerleidings aangesluit kan word.

11. Geskille

In geval van 'n geskil of twyfel wat tussen 'n verbruiker en die Raad, of 'n beampie daarvan; oor die vertolking van hierdie tarief, of oor die item waaronder enige ander bedrae bereken moet word, of oor enige ander saak, wat ook al, wat uit hierdie tarief voortspruit, ontstaan, word so 'n geskil of twyfel na die Bestuurskomitee van die Raad, wie se besluit daarop bindend is, verwys.

12. Heffings Vooruitbetaalbaar

Alle heffings uitgesonderd die wat maandeliks betaalbaar is, is vooruitbetaalbaar.

13. Woordomskrywing

Vir die toepassing van hierdie tarief, tensy die sinsverband anders aandui, beteken—

'kV.A' van 'maksimum aanvraag' die hoogste aantal kilo-voltampères van elektriese krag gedurende enige tydperk van dertig agtereenvolgende minute verskaf;

'100 kV.A' vir die toepassing van—

(a) item 2(2)(a)(i) van Deel I dat die maksimum aanvraag van 100 kV.A normaalweg nie oorskry word nie;

(b) item 2(2)(a)(ii) van Deel I dat die maksimum aanvraag van 100 kV.A normaalweg oorskry word;

en hierdie feite word deur die ingenieur bepaal;

'maand' tensy as 'kalendermaand' omskryf, die tydperk tussen die agtereenvolgende aflesings van die verbruiker se meter deur die Raad se gemagtigde beampies geneem en die woord 'maandeliks' het 'n ooreenstemmende betekenis;

'kW.h' 'n verbruik van elektriese krag, soos deur die Raad se kilowattuur-meters gemeet, en bereken teen 'n verbruik van 1 000 watt elektriese krag per uur. Alle berekenings is tot die naaste kW.h."

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervaat, tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan.

PB 2-4-2-36-9

Administrateurskennisgewing 2

5 Januarie 1983

MUNISIPALITEIT BRONKHORSTSspruit: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

The Water Supply By-laws of the Bronkhorstspruit Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1082, dated 3 August 1977, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 1 of the Tariff of Charges under the Schedule of the following:

"1. Charges for the Supply of Water, per Month.

(1) The following charges shall be payable by the owner: R2 per month, plus 10c per 100 m² or part thereof of the total area of every surveyed erf, portion of an erf, stand, lot or other area, with the following maximum charges in respect of every surveyed erf, portion of an erf, stand, lot or other area:

(a) Every surveyed stand, lot or other area (with the exception of a surveyed erf or portion of a surveyed erf in any approved township) which is zoned for special residential purposes, agricultural purposes or industrial purposes in terms of the provisions of the Town-planning Scheme: R12 per month.

(b) Every other surveyed erf, portion of an erf, stand, lot or other area: R500 per month.

(2)(a) For the first 9 kl or part thereof supplied: No charge.

(b) For all water supplied in excess of the first 9 kl, per kl or part thereof: 15c."

PB 2-4-2-104-50

Administrator's Notice 3

5 January 1983

BRONKHORSTSsprUIT MUNICIPALITY: ADOP-TION OF STANDARD DRAINAGE BY-LAWS.

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes—

(a) that the Town Council of Bronkhorstspruit has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Drainage By-laws, published under Administrator's Notice 665, dated 8th June, 1977, as by-laws made by the said Council; and

(b) the Tariff of Charges hereto as Appendix V to the said by-laws, which Tariff of Charges has been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

"APPENDIX V

TARIFF OF CHARGES

SCHEDULE A

APPLICATION CHARGES

PART I

1. The charges set out in Part II of this Schedule shall be payable in terms of section 23(1) in respect of every application made in terms of section 20 and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.

2. The engineer shall assess the charges payable in respect of applications received in terms of section 20 in accordance with Part II, or in any special case, as nearly as

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Bronkhorstspruit, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1082 van 3 Augustus 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 1 van die Tarief van Gelde onder die Bylae deur die volgende te vervang:

"1. Vorderings vir die Lewering van Water, per Maand.

(1) Die volgende gelde is deur die eienaar betaalbaar: R2 per maand, plus 10c per 100 m² of gedeelte daarvan van die totale oppervlakte van elke opgemete erf, gedeelte van 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein, met die volgende maksimum heffings ten opsigte van elke opgemete erf, gedeelte van 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein:

(a) Elke opgemete standplaas, perseel of ander terrein (met uitsondering van 'n opgemete erf of gedeelte van 'n opgemete erf in enige goedgekeurde dorp) wat vir spesiale woondoeleindes, landboudoeleindes of nywerheidsdoeleindes ingedeel is ingevolge die bepalings van die dorpsbeplanningskema: R12 per maand.

(b) Elke ander opgemete erf, gedeelte van 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein: R500 per maand.

(2)(a) Vir die eerste 9 kl of gedeelte daarvan gelewer: Gratis.

(b) Vir alle water bo die eerste 9 kl gelewer, per kl of gedeelte daarvan: 15c."

PB 2-4-2-104-50

Administrator's Notice 3

5 Januarie 1983

MUNISIPALITEIT BRONKHORSTSsprUIT: AANNAME VAN STANDAARD RIOLERINGSVERORDENINGE

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939—

(a) dat die Stadsraad van Bronkhorstspruit die Standaard Rioleringsverordeninge, aangekondig by Administrateurskennisgewing 665 van 8 Junie 1977, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is; en

(b) die Tarief van Gelde hierby as aanhangsel V by genoemde verordeninge, welke Tarief van Gelde deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

AANHANGSEL V

TARIEF VAN GELDE

BYLAE A

AANSOEKGELDE

DEEL I

1. Die gelde wat in Deel II van hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge artikel 23(1) betaalbaar ten opsigte van elke aansoek wat ingevolge artikel 20 ingedien word, en moet betaal word deur die persoon deur wie of namens wie die aansoek gedoen word.

(2) Die ingenieur moet die gelde wat betaalbaar is ten opsigte van aansoeke wat ingevolge artikel 20 ontvang word, ooreenkomsdig Deel II of, in 'n spesiale geval, so na as moontlik ooreenkomsdig genoemde Deel II bereken:

may be in accordance therewith: Provided that any person aggrieved by any such assessment shall have the right to appeal in the manner prescribed by section 3.

PART II.

1. Minimum charge payable in respect of any application as aforesaid: R10.

2. Subject to the obligation to pay a minimum charge as prescribed in item 1, the charges payable in respect of any application as aforesaid shall be the following: For every 50 m² or part thereof of the floor area of any building to be served by; or the use of which will, whether directly or indirectly, be associated with the use of, the drainage installation: R5.

3. Subject to the obligation to pay the charge as prescribed in item 2, the charges payable in respect of any application as aforesaid shall be the following: For every waste-water or soil-water fitting to be installed, and every end to a waste-water or soil-water pipe, apart from ventilation pipes, shall be counted as a fitting, whether on a branch or main line: R2.

SCHEDULE B DRAINAGE CHARGES

PART I

General Rules Regarding Charges

1. The charges set out in this Schedule shall in terms of section 5 be payable in respect of the Council's Sewers and the owner of the premises to which any charge relates shall be liable therefor.

2. Where any person who is required to furnish a return in terms of this Schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Council to determine the charges to be made, fails to do so within thirty days after having been called upon to do so by notice, in writing, he shall pay such charges as the Council shall assess on the best information available to it.

3. In all cases of dispute as to the part of category of this Schedule which is applicable or as to the date from which any part or category is applicable to any premises, the decision of the engineer shall be decisive subject to a right of the owner to appeal in the manner prescribed in section 3.

4. Where any change is made in the nature of the occupation or the use of any premises and such change requires the application of a different tariff in terms of this Schedule, no claim for any adjustment of an account rendered or any refund of moneys paid in terms of this Schedule shall be entertained by the Council unless notice in writing is given to the Council within thirty days of the date of its occurrence.

5. In the case of premises or places connected to the Council's sewerage system and not falling under any of the categories enumerated in this Schedule, the charge to be imposed by the Council shall, regard being had to the nature of the premises, correspond as closely as possible to the provisions of this Schedule.

PART II

CHARGES IN RESPECT OF SEWERS WHICH ARE AVAILABLE

1. Availability charge

(1) This charge shall be applicable to every piece of land, with or without improvements, which is or, in the opinion of the Council, can be connected to the sewer:

Met dien verstande dat enigiemand wat voel dat hy deur so 'n berekening benadeel is, daarteen appèl kan aanteken op die wyse wat by artikel 3 voorgeskryf word.

DEEL II

1. Minimum geld betaalbaar ten opsigte van enige aansoek soos voormeld: R10.

2. Onderworpe aan die verpligting om 'n minimum geld soos voorgeskryf in item 1 te betaal, is die volgende geldte betaalbaar ten opsigte van enige aansoek soos voorname:

Vir elke 50 m² of gedeelte daarvan van die vloeroppervlakte van enige gebou wat bedien sal word deur, of die gebruik waarvan regstreeks of onregstreeks verbonde sal wees aan die gebruik van die rioleringsinstallasie: R5.

3. Onderworpe aan die verpligting om die geld soos voorgeskryf in item 2 te betaal, is die volgende geldte betaalbaar ten opsigte van enige aansoek soos voorname:

Vir elke vuil- of drekwatermontering wat geïnstalleer moet word, en elke ent van 'n vuil- of drekwaterpyp, afgesien van ventilasiepype, word as 'n montering gereken, hetsy dit op 'n tak of hoofrioollyn is: R2.

BYLAE B RIOLERINGSGELDE

DEEL I

Algemene Reëls Betreffende Gelde.

1. Die gelde wat in hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge artikel 5 ten opsigte van die Raad se straatrole betaalbaar, en die eienaar van die perseel waarop die gelde betrekking het, is daarvoor verantwoordelik.

2. Iemand wat gelas word om ingevolge hierdie Bylae 'n opgawe in te dien of om sodanige ander inligting te verstrek wat die Raad nodig het om die gelde te kan bereken, en wat versuim om dit te doen binne dertig dae nadat hy skriftelik kennis ontvang het om dit te doen, moet die gelde betaal wat die Raad met die beste inligting tot sy beskikking bereken.

3. In alle geskille wat ontstaan oor die deel of kategorie van hierdie Bylae wat van toepassing is of oor die datum waarop enige deel of kategorie van toepassing is op enige perseel, is die beslissing van die ingenieur beslissend: Met dien verstande dat die eienaar in so 'n geval appèl kan aanteken op die wyse wat by artikel 3 voorgeskryf is.

4. Ingeval daar 'n verandering plaasvind in die aard van die okkupasie of die gebruik van 'n perseel en so 'n verandering meebring dat 'n ander tarief ingevolge hierdie Bylae daarop van toepassing gemaak moet word, oorweeg die Raad geen eis vir die aansuiwing van 'n rekening wat reeds gelewer is of vir die terugbetaling van gelde wat betaal is ingevolge hierdie Bylae nie, tensy die Raad binne dertig dae nadat so 'n verandering plaasgevind het, skriftelik daarvan in kennis gestel is.

5. In die geval van persele of plekke wat met die Raad se straatrolstelsel verbind is en wat nie ressorteer onder enige van die kategorieë wat in hierdie Bylae uiteengesit word nie, moet die gelde wat die Raad vorder, met inagneming van die aard van die perseel, so na as moontlik ooreenstem met die bepalings van hierdie Bylae.

DEEL II

GELDE TEN OPSIGTE VAN BESKIKBARE STRAATROLE

1. Beskikbaarheidsgelde

(1) Hierdie heffing is van toepassing op elke stuk grond, met of sonder verbeterings, wat by die straatrol aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aan-

Provided that this charge shall not be applicable in respect of any piece of land which, in the opinion of the Council, will not be connected to the sewer, whether by reason of the use to which it is put or likely to be put or for any other reason.

(2) The following charges shall be payable by the owner, per month, on the total area of every piece of land:

- (a) For the first 1 000 m² or part thereof: R2,50.
- (b) Thereafter, per 100 m² or part thereof: 15c.
- (c) Maximum charge: R1 000.

2. ADDITIONAL CHARGES

In addition to the charges payable in terms of item 1, the following charges in respect of any premises connected to the sewer shall be payable monthly by the owner of the premises concerned:

(1) *All Dwelling-houses as well as Dwelling-units which have Separate Water Meters:*

Per dwelling-house or dwelling-unit, per month: R3,50.

(2) *Premises on which only Flats have been Erected:*

Per dwelling-unit, per month: R3,50; Provided that where a unit consists of one room only, two such rooms shall be regarded as one dwelling-unit for this purpose.

(3) *Hospitals, Nursing Homes and Maternity Homes:*

(a) For every three beds, calculated on the number of beds available for patients on any one day during the year, such day to be decided on by the Council, per month: R6.

(b) For every ten or part of that number of members of the staff including servants, resident or non-resident, calculated on the number of persons attending the hospital, nursing home or maternity home on any one day during the year, such day to be decided on by the Council, per month: R6.

(A certified return shall be submitted to the Council by the Superintendent of the institution concerned).

(4) *Day Schools, Nursery Schools, Crèches, Boarding Schools and School Hostels:*

For every five persons or portion of five, comprising staff, scholars and servants, resident or non-resident, based on the number of persons attending the school or hostel on any one day during the year, such day to be decided on by the Council, per month: R3.

(A certified return shall be submitted to the Council by the principal of the school concerned).

(5) *Churches:*

Per church, per month: R3.

(6) *Business and Industrial Premises, South African Transport Services, Business Premises with Residential Units under One Roof and State and Provincial Buildings:*

Per kl of the metered purified water consumed, per month, in terms of the Council's Water Supply By-laws: 17c.

(7) *Military Base, Road Camp and Other Similar Premises:*

gesluit kan word: Met dien verstande dat hierdie heffing nie van toepassing is nie ten opsigte van enige stuk grond wat, na die mening van die Raad, nie by die straatrooil aangesluit sal word nie, hetsy omrede die gebruik waarvoor dit aangewend word of waarskynlik aangewend sal word, of om enige ander rede.

(2) Die volgende gelde is deur die eienaar betaalbaar, per maand, op die totale oppervlakte van elke stuk grond:

- (a) Vir die eerste 1 000 m² of gedeelte daarvan: R2,50.
- (b) Daarna, per 100 m² of gedeelte daarvan: 15c.
- (c) Maksimumheffing: R1 000.

2. Bykomende Gelde

Benewens die gelde betaalbaar ingevolge item 1, is die volgende gelde ten opsigte van enige perseel wat by die straatrooil aangesluit is maandeliks betaalbaar deur die eienaar van die betrokke perseel:

(1) *Alle Woonhuise asook Wooneenhede wat Afsonderlike Watermeters het:*

Per woonhuis of wooneenheid, per maand: R3,50.

(2) *Persele waarop Slegs Woonstelle Opgerig is:*

Per wooneenheid, per maand: R3,50: Met dien verstande dat waar 'n wooneenheid slegs uit een kamer bestaan, twee sodanige kamers as een wooneenheid vir hierdie doel beskou word.

(3) *Hospitale, Verpleeg- en Kraaminrigtings:*

(a) Vir elke drie beddens, bereken op die aantal beddens beskikbaar vir pasiënte op enige enkele dag gedurende die jaar, sodanige dag deur die Raad bepaal te word, per maand: R6.

(b) Vir elke tien of gedeelte van die getal lede van die personeel insluitend bediendes, inwonend of nie-inwonend, gebaseer op die aantal persone wat die hospitaal, verpleeg- of kraaminrigting op enige enkele dag gedurende die jaar bywoon of bewoon, sodanige dag deur die Raad bepaal te word, per maand: R6.

('n Gesertificeerde opgawe moet deur die Superintendent van die betrokke inrigting by die Raad ingedien word.)

(4) *Dagskole, Kleuterskole, Bewaarskole, Kosskole en Skoolkoshuise:*

Vir elke vyf persone of gedeelte van vyf bestaande uit personeel, skoliere en bediendes, inwonend of nie-inwonend, gebaseer op die aantal persone wat die skool of kos-huis op enige enkele dag gedurende die jaar bywoon of bewoon, sodanige dag deur die Raad bepaal te word, per maand: R3.

('n Gesertificeerde opgawe moet by die Raad deur die hoof van die betrokke skool ingedien word.)

(5) *Kerke:*

Per kerk, per maand: R3.

(6) *Besigheids- en Nywerheidsperselle, Suid-Afrikaanse Vervoer Dienste, Besigheidsgeboue met Wooneenhede onder een Dak en Staats- en Provinciale Geboue:*

Per kl van die gemeterde gesuiwerde water verbruik, per maand, ingevolge die Raad se Watervoorsienings-verordeninge: 17c.

(7) *Militêre Basis, Padkamp en Ander Soortgelyke Perselle:*

Per kl of the metered purified water consumed, per month, in terms of the Council's Water supply By-laws: 12c.

(8) *Welfare Organizations as Defined in the National Welfare Act, 1965:*

(a) *Institutions Run by Welfare Organizations:*

For every five residents or part of that number, including resident staff and servants, resident or non-resident, based on the number of residents on any particular day during the year, such day to be decided on by the Council, per month: R3.

(A certified return shall be submitted to the Council by the person in charge of the institution.)

(b) *Other:*

Per kl of the metered purified water consumed, per month, in terms of the Council's Water Supply By-laws: 5c.

(9) *Industries and Businesses where, in the Opinion of the Council, a Large Percentage of the Water Consumed on such premises is Retained in the Manufactured Product:*

Per kl of the metered purified water consumed, per month, in terms of the Council's Water Supply By-laws: 5c.

(10) *Agricultural Societies and Sports Clubs which are not Accommodated at the Central Sports Grounds:*

Per kl of the metered purified water consumed, per month, in terms of the Council's Water Supply By-laws: 12c.

PART III

INDUSTRIAL EFFLUENTS

The following rules shall be applicable for the purposes of section 77(3) in connection with and for the determination of charges payable for the conveyance and treatment of industrial effluents:

1. The owner or occupier of premises on which any trade or industry is carried on and from which, as a result of such trade or industry or of any process incidental thereto, any effluent is discharged into the Council's sewer shall, in addition to any other charges for which he may be liable in terms of this Schedule, pay to the Council an industrial effluent which shall be calculated—

(a) on the quantity of water consumed during the half-year forming the period of charge; and

(b) in accordance with the following formula:

Charge in cents per kl = $1/6 (5 + 0.02 \times OA)$, where OA is the arithmetic average of the strengths (determined as specified in rule 3) of not less than 4 grab samples of effluent taken at any time during the half-year: Provided that the Council may in its sole discretion in any given case impose the minimum charge prescribed in terms of rule 8 without taking any samples of the effluent.

2. Whenever a sample is taken by the Council in terms of rule 1, one half thereof shall, on his request, be made available to the owner or occupier of the premises.

3. The strength referred to in rule 1 shall be determined by reference to the oxygen absorbed in four hours from acidic N/80 potassium permanganate and on an aliquot

Per kl van die gemeterde gesuiwerde water verbruik, per maand, ingevolge die Raad se Watervoorsieningsverordeninge: 12c.

(8) *Welsynsorganisasies soos Omskryf in die Nasionale Welsynswet, 1965:*

(a) *Inrigtings wat deur Welsynsorganisasies Beheer word:*

Vir elke vyf inwoners of gedeelte van genoemde getal, insluitende inwonende personeel en bediendes, inwonend of nie-inwonend, gebaseer op die aantal inwoners op enige besondere dag gedurende die jaar, sodanige dag deur die Raad bepaal te word, per maand: R3.

('n Gesertifiseerde opgawe moet by die Raad ingedien word deur die persoon in bevel van die inrigting.)

(b) *Ander:*

Per kl van die gemeterde gesuiwerde water verbruik, per maand, ingevolge die Raad se Watervoorsieningsverordeninge: 5c.

(9) *Industrieë en Besighede waar 'n Groot Persentasie van die Waterverbruik op Sodanige Perseel, na die Mening van die Raad, in die Eindproduk Behoue Bly:*

Per kl van die gemeterde gesuiwerde water verbruik, per maand, ingevolge die Raad se Watervoorsieningsverordeninge: 5c.

(10) *Landbougenootskappe en Sportklubs wat nie by die Sentrale Sportgronde Geakkommodeer Word nie:*

Per kl van die gemeterde gesuiwerde water verbruik, per maand, ingevolge die Raad se watervoorsieningsverordeninge: 12c.

DEEL III.

FABRIEKSUITVLOEISEL.

Onderstaande reëls geld vir die toepassing van artikel 77(3) in verband met en vir die berekening van die geldre wat vir die wegvoer en behandeling van fabrieksuitvloeisel betaalbaar is:

